

7 Junie 2012

Jaargang 5 – Uitgawe 18

## In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Agterblad



Teken in op die e-Hervormer en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

• Stuur 'n e-pos aan [karen@nhk.co.za](mailto:karen@nhk.co.za)

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan [produksie@nhk.co.za](mailto:produksie@nhk.co.za)



## Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk [www.nhk.co.za](http://www.nhk.co.za)

Die Hervormer [www.hervormer.co.za](http://www.hervormer.co.za)

e-Hervormer [www.hervormer.co.za/e\\_Hervormer.html](http://www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html)

Indien u nie weer die e-Hervormer wil ontvang nie, klik op [www.hervormer.co.za/cancel.html](http://www.hervormer.co.za/cancel.html)

## VOORBLAD

### 'n Leer- of lewenskwestie? Die implikasies van 'n *status confessionis*

Met die byeenkoms van 2 Junie en die uitreiking en ondertekening van die verklaring oor 'n sogenaamde *status confessionis* is daar oor 'n sekere grens gegaan. Die groep beswaardes wat hulleself benoem het as steedsHervormers het hulleself daarmee sodanig teenoor die NHKA opgestel dat die implikasies daarvan nou baie deeglik bedink moet word.

Dit is nogal ironies dat mense wat teenoor ekumeniese kontak en in die besonder teenoor die World Alliance of Reformed Churches (WARC) nog altyd net gal gebrak het, nou kies om in die taal van WARC die NHKA van dwaalleer te beskuldig. Die term *status confessionis* beteken dat 'n kerklike liggaam tot die gevolgtrekking gekom het dat die *menings, lering of praktyk van 'n kerk as dwaalleer uitgewys word. Daarnaas word geëis dat daardie kerk wat in die staat van beskuldiging staan op ondubbelsinnige wyse hulle van die dwaling sal bekeer en aan die eise van die ware evangelie moet beantwoord.* Die hele aangeleentheid word daarmee aangebied as sou dit 'n kwessie van kerklike leer of belydenis wees. En die skyn-godsdiensdige aard van die inkleding moet vir lidmate baie verwarrend wees.

Ons kan hier net kortliks na twee wesenlike aspekte verwys:

Oor die saak van die **belydenis** word in die verklaring van die steedsHervormers gestel dat die dwaling in besonder na vore kom wanneer die NHKA die standpunt handhaaf dat die belydenis en Belydenisgeskrifte eietyd **GEÏNTERPRETEER** kan word. Dit sou 'n nuwe en afwykende teologiese standpunt verteenwoordig. Na my beste wete het die NHKA nog nooit 'n ander siening oor hierdie saak gehad nie. Die Belydenisskrifte het soos alle menslike kommunikasie in bepaalde historiese omstandighede tot stand gekom en word daarom met groot waardering en omsigtigheid ook verstaan en vertolk teen die agtergrond van die *konteks* waarin hulle tot stand gekom het. Dit beteken nie 'n afwyking van die ondertekeningformule van predikante nie. Inteendeel, dit bevestig die Bybels-Reformatoriese siening dat die leer wat in die belydenis na vore kom, ook nog altyd oop is om in die lig van ons verstaan van die Woord hersien te kan word. Indien dit nou korrek is dat dit nog altyd die siening in die NHKA is, word die opstellers se gebrek aan historiese insig en teologiese verstaan blootgelê. Dan is die groepering nóg histories nóg inhoudelik steeds Hervormers.

Dieselfde sou van **Skrifbeskouing** gestel kon word. Wat in die teologie geleer is en by AKV's bevestig is, is dat ons juis op grond van ons respek en liefde vir die Woord alle moontlike metodes sal aanwend om die boodskap van die Skrif vir elke geslag te ontsluit. Dit is die rede waarom die hele spektrum van histories-kritiese metodes benut word vir die bestudering en uitleg van die Woord. Die NHKA het in ons teologiebeoefening nog altyd gemaklik gevoel met die standpunt dat ons in die Bybel met die *getuienis aangaande die openbaring* te make kry. Dit lyk nie asof die steedsHervormers met hierdie gebruiklike weg van die NHKA gemaklik is nie.

Hier is dus wel baie duidelik verskille ten opsigte van teologie en leer aanduibaar. Maar is dit werklik waaroor dit eintlik gaan?

Lees verder op bladsy 2



## Vanaf bladsy 1

Die vurk in die pad kom al vir 'n paar dekades met ons saam oor verskillende sienings. Maar wat het die vonk in die kruitvat veroorsaak? **Dit is duidelik die besluit van die AKV van 2010 oor die afwysing van enige teologiese regverdiging van apartheid.** Dit word ook as subteks in die uitsprake van die groep baie duidelik. Hulle het dit teen enigiets wat lyk na sosiale geregtigheid of wat verwys na die deernis van God met mense en hulle omstandighede, en die deernis wat gelowige mense daarom met ander mense behoort te hê. Hulle het dit selfs teen die simboliek van die voetewassing in die logo van die Kerk. Dit sou dan uitbeelding wees van die "dwaling" van diensbaarheid van die Kerk!

Indien gesprek nog moontlik was met hierdie groepering, sou mens waarlik van voor moes begin met die evangelie van verlossing deur Christus en hoe dit onontkombaar uitmond in **liefde vir die naaste** – selfs waar die naaste dalk vreemdeling sou wees. Die keerkante van die munt is immers liefde vir God en die naaste soos jouself.

Dit lyk asof dit meer 'n kwessie van lewe geword het (die vrugte van die evangelie en om Jesus Christus as Here te dien) as dwalings in die leer van die NHKA.

Miskien het die vurk in die pad nou 'n **onvermybare kruispad** geword?

**Prof Piet Geysers**

## BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by [ernest.vaneck@up.ac.za](mailto:ernest.vaneck@up.ac.za) om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by [www.nhk.co.za](http://www.nhk.co.za) te plaas. Onthou asseblief dat 'n standplaas eers vakant verklaar moet wees voordat dit geadverteer mag word. Kontak dr Frikkie Labuschagne by 012 322 8885 x256 in dié verband.

### Vakante standplaas

- **Gemeente Ottosdal** beskik oor 'n vakante **voltydse standplaas** en het die proses begin om 'n beroep uit te bring. Ottosdal is 'n plattelandse gemeente ongeveer 75 km van Klerksdorp af. Die gemeente beskik oor 'n ruim pastorie. Predikante wat belangstel om hul name op die groslys te plaas, moet **voor of op 15 Junie 2012** hul name en kontakbesonderhede stuur na [ottosdal@nhk.co.za](mailto:ottosdal@nhk.co.za). Vir meer inligting, kontak die gemeentelike kerkkantoor by 018 571 0200 (Ma, Wo of Vry tussen 09:00 en 13:00). Die kerkraad is nie verplig om uit die groep aansoekers 'n beroep uit te bring nie.

### Brugpredikant benodig

- Die **Otjiwarongo/Outjo-kombinasie in Namibië** benodig so gou moontlik die dienste van 'n **emerituspredikant** van die Kerk, om vir 'n tydperk van 2 tot 3 maande die kombinasie te bearbei. Die vorige drie emeriti wat op dieselfde basis met die bediening gehelp het, di Philip Prinsloo, Hennie Aucamp en Nico Brayshaw, het werk van onskatbare waarde gedoen. Die emeriti hou as't ware *vakansie* en ontvang kontant sodat dit nie werkspermit- en visumkomplikasies inhou nie. Kontak dr Frikkie Labuschagne, sekretaris van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering (AKV), by 012 322 8885 x256 of [frikkie@nhk.co.za](mailto:frikkie@nhk.co.za) vir meer inligting.

## PREDIKANTE EN GEMEENTES

Alle lief en leed vir plasing in die kerklike publikasies moet aan die Sekretaris vir SENTIK, dr Wouter van Wyk, by [wouter@nhk.co.za](mailto:wouter@nhk.co.za) gestuur word, of skakel hom by 082 339 2332.

Bydraes vir moontlike plasing in die *e-Hervormer* moet asseblief teen Dinsdaemiddae 16:00 **OP DIE LAATSTE** na [produksie@nhk.co.za](mailto:produksie@nhk.co.za) gestuur word.



Ds Koos Snyman

- Emerituspredikant **ds JP (Koos) Snyman** is op Dinsdag 5 Junie in die ouderdom van 80 oorlede. Die roudiens vind op Vrydag 8 Junie om 11:00 plaas in die kerkgebou van Gemeente Meyerspark, en die teraardebestelling op Saterdag 9 Junie om 11:00 in Vaalwater. Ons innige simpatie gaan aan sy naasbestaendes. Ds Snyman is op 15 Februarie 1958 georden, en het die gemeentes Otjiwarongo (sedert 1958), Benoni (1964), Eendracht (1967), Potgietersrus-Wes (1973) en Benoni (1978) bedien. Hy het in 1991 emeritaat aanvaar, en is die afgelope paar jaar versorg in die Palms Renaissance Versorgingsoord in Silverton.
- Dr Jan Oberholzer, ouderlinglid van die Kommissie van die AKV, se moeder, **Miemie Oberholzer** van Gemeente Pretoria, is op Maandag 4 Junie in die ouderdom van 91 oorlede. Die begrafnis vind op Saterdag 9 Junie in Swartruggens plaas. Ons innige simpatie gaan aan dr Jan en die familie.
- Emerituspredikant **ds Jan Schroeder se vrou, Rita**, is in 'n versorgingseenheid van 'n tehuis op Heidelberg opgeneem, nadat sy twee weke lank in die hospitaal was. Ons bid die egpaar die Here se bystand toe.
- Mev Betsie Brits, wat by die Hervormde Teologiese Kollege (UP) werk, se suster, **Sampie Botha** van Gemeente Wapadrant, is baie ernstig siek in Pretoria-Oos Hospitaal. Ons dink in ons gebede aan Betsie en hul familie in hierdie moeilike tyd.
- **Gemeente Buffelspoort** se administratiewe beampte, **mev Sarie van den Berg**, is tydens 'n huisroof aangerand. Sy is met ernstige kopbeserings in die intensieweenheid van 'n hospitaal in Rustenburg opgeneem waar sy reeds rekonstruktiewe operasies moes ondergaan. Sy sal vir minstens 'n maand lank nie beskikbaar wees nie. Ons bid haar algehele herstel toe. Die gemeente se selfoon is ook in die proses gesteel. Vir enige administratiewe of skakelwerk kan ds Neels van Tonder gekontak word by 072 633 3367 of [nvtonder@vodamail.co.za](mailto:nvtonder@vodamail.co.za).
- Die eerste **Voortgesette Teologiese Toerusting vir Predikante (VTT)** van 2012 het op Dinsdag 5 en Woensdag 6 Junie by Gemeente Wapadrant plaasgevind. Die tema was **Missionale Diakonaat**. 35 predikante vanoor die land het die byeenkoms bygewoon. Die deelnemers is geprikkel om anders te dink oor diakonaat, om dit nie net te sien as die uitdeel van kos en klere nie, maar veral ook om missionale gemeenskappe te vestig wat nie net ontvangers van hulp bly nie, maar uiteindelik self ook barmhartigheid aan ander begin bewys. Die aanbieders het vanuit verskillende dissiplines die deelnemers gehelp fokus om missionale diakonaat te omarm en te begin verwerklik.



- **AKSIEGROEP VIR BEJAARDES: 'n Wenk vir bejaardesorg**  
Bejaardes kan nie portrette ophang nie. Help dus die bejaardes in jou gemeente en gemeenskap wat na 'n kleiner woonplek, aftreeoord of ouetehuis verhuis om die portrette of skilderye wat vir hulle soveel sentimentele waarde het, op te hang. Gaan na [www.diakens.co.za](http://www.diakens.co.za) vir meer inligting oor bejaardesorg.

- Die **evaluering van voornemende teologiestudente** vind op **13 Julie** by UP plaas. Matrikulante asook persone wat reeds gematrikuleer het, kan aansoek doen vir evaluering om as student van die Kerk te studeer. Aansoekvorms kan aangevra word van die Administrateur, Kuratorium vir die Teologiese Opleiding, Posbus 2368, Pretoria 0001; tel 012 420 5393; faks 012 420 4303; of per e-pos van [betsie.brits@up.ac.za](mailto:betsie.brits@up.ac.za). Die **sluitingsdatum vir inhandiging van volledig voltooide aansoeke is 2 Julie**.

- **Gemeente Piet Retief** vier vanjaar hul **eeufees**. Alle lidmate wat voorheen aan die gemeente verbonde was, word versoek om vertellings, foto's en ander gedenkwaardighede beskikbaar te stel. Almal word ook uitgenooi om die **naweek van 17-19 Augustus** aan die verrigtinge deel te neem. Dit sal 'n **dankdiens** op



Vrydag 17 Augustus en 'n **basaar** die Saterdag insluit. Skakel Jan Venter by 082 925 3951 of 017 826 3604.

- **Gemeente Buffelspoort** (by Mooinooi) beskik steeds oor 'n vakature vir 'n **orrelis**. Stuur aansoeke aan ds Neels van Tonder by [nvtonder@vodamail.co.za](mailto:nvtonder@vodamail.co.za), of kontak hom by 072 633 3367.
- **Preekbeurte in Dullstroom**. Predikante kan by Gemeente Dullstroom preek en gratis verblyf vir die naweek kry. Die verblyf is vir die predikant en sy/haar gade en 'n voorskoolse kind. Vir ander kinders moet self betaal word. Kontak Johanna by [nhkdullstroom@yahoo.com](mailto:nhk dullstroom@yahoo.com) of 072 116 3353.

## Predikanteverjaardae

- **Die volgende predikante verjaar tot 15 Junie, en word hartlik geluk gewens.**
  - Donderdag 7 Junie: Di Leon Nell (emeritus) en Johnny Young (Rustenburg-Tuine)
  - Vrydag 8 Junie: Ds Willem Breytenbach (Hazyview/Sabie)
  - Saterdag 9 Junie: Ds Kotie Mc Donald (beroepafwagting)
  - Dinsdag 12 Junie: Ds Nico Brayshaw (emeritus)
  - Woensdag 13 Junie: Prof Bieks Beukes (emeritus), di Ben Erasmus (emeritus), Kerneels van Niekerk (emeritus) en Koos Viljoen (emeritus)
  - Donderdag 14 Junie: Ds Gert Beukes (emeritus)
  - Vrydag 15 Junie: Dr Rudy Denton (Potchefstroom-Studente)

## Beplande vergaderings

- Vrydag 8 Junie: Kommissie van die AKV  
RV Lydenburg  
RV Dorsland
- Saterdag 9 Junie: RV Dorsland  
RV Heilbron  
RV Laeveld  
RV Losberg  
Werkgroep vir Gestremdes
- Maandag 11 Junie: Redaksie van *Konteks*
- Dinsdag 12 Junie: Operasionele Komitee van die Ondersteuningsraad  
Sekunduskommissie van die AKV  
RV Zoutpansberg
- Woensdag 13 Junie: Sekunduskommissie van die AKV

### TOEGEPASTE BERADINGSKOLE VIR LERAARS EN TEOLOGIESTUDENTE

Bruikbare beradingsopleiding en praktiese ervaring wat 'n brug bou tussen teologiese teorie en die bedieningspraktyk waar sorg, ondersteuning en berading van gemeentelide deurslaggewend is.

'n Verskeidenheid beradingstemas word gedek in 'n diverse kulturele konteks soos wat dit van toepassing is op u pastorale pligte. Daar is ruim geleentheid om vaardighede prakties te oefen in 'n geborge, uitdagende en werklike situasie.

**16-20 Julie, 10-13 September 2012, PRETORIA**  
**[contact@acdlsa.org](mailto:contact@acdlsa.org) vir meer inligting**



Aangebied deur die Applied Counselling & Development Institute of SA se geregistreerde en gesertifiseerde pastorale en sielkundige beraders en traumapraktisyne.



## Kursusse en toerusting

- **Instituut vir Kerkmusiek in Suid-Afrika (IKSA)**  
**Diploma in Himnologie 2012-2013**  
**Let op veranderde datum vir eerste byeenkoms: 15 September 2012**  
Kursusfooi R800 per persoon per jaar  
Skakel met dr Elsabé Kloppers by [iksa@absamail.co.za](mailto:iksa@absamail.co.za) of 012 429 6589 (k)

## Konserte en feeste

- **Saterdag 9 Junie: NHSV Warmbad**  
**Warm-wintertee**  
Ten bate van sorgbehoewende kinders in die gemeenskap  
Dienssentrum, Van der Merwestraat, Bela Bela  
Gasspreker, kunstenaar, geskenkies en geskenkbewyse  
Uitstallers welkom, skakel Suzi van Dyk (083 310 4943)  
Kaartjies R50 per persoon  
Verkrygbaar by Amanda Liebenberg (071 877 6640)  
en Rina Steynberg (082 898 7517)
- **Saterdag 16 Junie: NHSV Makwassie**  
**Oggendtee**  
Tema: *Pottebakker en die klei*  
Spreker: Janneman van Wyk  
Tyd: 09:30 vir 10:00  
Plek: Hervormde Kerk Makwassie  
Kaartjies R100 per persoon (vingerete ingesluit)  
Navrae en meer inligting: Skakel Thea van Rooyen (073 723 9883)

## Kampe en toere

- **Toer op Bybelse voetspore...**  
**Egipte, Israel en Jordanië**  
4-18 Desember 2012  
Kontak ds Hannes van der Merwe by 082 575 1979  
of [hannes@pretoriaoos.com](http://hannes@pretoriaoos.com) vir meer inligting
- **VAKANSIE IN DIE LAEVELD**  
Sudwala Lodge naby Sudwala-grotte  
Ontsnap in die middel van die jaar  
Ontspan in die LaeVELD vir die week 15 tot 22 Junie 2012  
(4 mense)  
Fasiliteite soos visvang, perdry, tennis, muurbal, swembad, spa, ens  
Koste R3 500  
Skakel Dienie by 083 963 5455



## Kompetisies en fondsinsamelings

- **Gemeente Vaalharts**  
**Wenners van jagkompetisie**  
1ste plek: Des Williams van Bloemfontein  
2de plek: Jacque Cilliers van Hartswater  
3de plek: Pieter van Niekerk van Hartswater  
4de plek: Frikkie Holzthauzen van Hartswater  
Dankie aan almal wat die projek ondersteun het!



- **Gemeente Port Shepstone: Prawnfees**  
**Vrydag 6 Julie om 18:00**  
Scottstraat 3  
Kaartjies @ R150, kinders onder 12 halfprys  
Eet soveel jy kan!  
Driegang maaltyd, spitbraai as alternatief  
Kontantkroeg  
Kontak Adri by 082 572 4280 of Petro by 084 951 8961
- **Gemeente Philadelphia: Fietstoer 2012 Julievakansie**  
40 studente ry vir 15 dae fiets om fondse in te samel vir liefdadigheid  
Vertrek op 30 Junie uit Pretoria  
Besoek Kempton Park, Drie Riviere, Vanderbijlpark, Sasolburg, Parys, Welkom, Wolmaransstad, Klerksdorp, Potchefstroom en Krugersdorp, en is op 14 Julie terug in Pretoria  
Navrae? Borgskappe? Wil jy saam kom fietstrap?  
Kontak Fanie Willers (toerleier): [fanie.willers@gmail.com](mailto:fanie.willers@gmail.com) of 072 494 8735  
Lizaan Britz (ondertoerleier/bemaking): [lizaanbritz8@gmail.com](mailto:lizaanbritz8@gmail.com) of 076 315 4218  
E-pos: [philadelphia@nhk.co.za](mailto:philadelphia@nhk.co.za). Webwerf: [www.philadelphia.co.za](http://www.philadelphia.co.za)
- **Gemeente Losberg in Fochville: Biltongaand**  
**Vrydag 20 Julie**  
Besighede kan tafel met 10 sitplekke bespreek vir R3 200  
Gaskunstenaar Thys die Bosveldklong  
Verskeidenheid biltonge, cabanosies, chilli bites, kaassoorte, brode, konfyte  
Veiling sal gehou word  
Kontak gemeentelike kerkkantoor by 018 771 2617  
Bespreek vroegtydig!
- **Gemeente Witfield in Boksburg: Boogjagkompetisie**  
**Sluitingsdatum: 29 Julie 2012**  
Kaartjies R100 donasie  
1ste prys: 10 diere, waarde R40 000, en 5 nagte verblyf  
2de prys: 8 diere, waarde R19 300, en 3 nagte verblyf  
3de prys: 6 diere, waarde R11 000, en 3 nagte verblyf  
Geborg deur Nyalarus, tussen Groblersdal en Marble Hall  
Geweerjag kan gereël word  
of keuse om plaas se professionele jagter te gebruik  
**Pryse verval op 30 September 2012**  
Kontak Adri Nel by 084 200 1027  
of Chaan Bezuidenhout by 082 853 5895 vir meer inligting

- **AMANZIMTOTI**  
Luukse vakansiewoonstel te huur  
Reg op hoofstrand, met swembad  
2 slaapkamers (6 beddens)  
3 badkamers, luukse kombuis, DStv  
24-uur-sekuriteit, onderdakparkering  
Loopafstand van alles  
Vanaf R340 per dag  
Skakel 014 736 5149 (w) of 072 209 8809



## Basaars en markte

- **Saterdag 30 Junie: Diakonie van Gemeente Losberg in Fochville**  
**Boeremark**  
Stalletjies te huur R50, met krag R100  
Handgemaakte kunswerke, handwerk, naaldwerk, houtwerk, stokperdjies, vars produkte, blomme, boeke, ens

Kosstalletjies slegs deur die Hervormde en Gereformeerde kerke afsonderlik Boeremark ook op 4 Augustus, 8 September, 29 September en 1 Desember  
Kontak gemeentelike kerkkantoor by 018 771 2617  
Fondse gaan vir barmhartigheid

## ANDER NUUS

- NEGENDE SUID-AFRIKAANSE KONGRES VIR CALVYNNAVORSING 15 tot 17 Augustus 2012** (Woensdagaand tot Vrydagmiddag)  
Aros (Akademie Reformatoriese Opleiding en Studies) is gasheer  
Kontak ds HH van Alten by [hhvanalten@vgkmaranata.org.za](mailto:hhvanalten@vgkmaranata.org.za)  
of 012 332 3256 indien u wil bywoon
- Loslitdag Vrydag 7 September**  
**Ondersteun persone met gestremdhede**  
Ondersteun vanjaar die Transoranje Instituut vir Buitengewone Onderwys (TOIBO)  
Koop jou plakker @ R10  
Vir elke plakker van R10 wat TOIBO verkoop, kan hulle R4 hou  
Help ons om vanjaar 'n rekordgetal plakkers te verkoop!  
Kontak Arina Jooste by 012 320 7644 of [toibo@nhk.co.za](mailto:toibo@nhk.co.za)  
en bestel jou plakkers  
Borgliggaam vir: Hoërskool Martie du Plessis vir Serebraalgestremdes, Prinshofskool vir Gesiggestremdes, Sonitusskool vir Gehoorgestremdes, Transoranje-skool vir Dowes en Transvalia-skool vir Epilepsie en Leergestremdheid

**Loslit Dag**  
Vir persone met gestremdhede



**Sonja Smith**  
**BEGRAFNISGROEP**  
" 'n Sagte hand  
in die seerste tyd..."  
079 895 4414 24/7  
[www.sonjasmith-funerals.co.za](http://www.sonjasmith-funerals.co.za)

- ADVERTENSIES** waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in die *e-Hervormer* geplaas word. Dit bestaan hoofsaaklik uit **teks van ongeveer 110 woorde** (u kan eenvoudige grafika of 'n foto voorsien), maar daar sal nie onderhandel word oor die uitleg daarvan nie. Indien 'n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, moet dit **verkieslik nie groter as 'n standaard besigheidskaartjie** wees nie. Die advertensie moet saam met die bewys van betaling gestuur word aan mev Tessa Oppermann, per faks na 086 633 4059, of per e-pos na [produksie@nhk.co.za](mailto:produksie@nhk.co.za). **GEEN** advertensie sal geplaas word sonder dié bewys nie. Die teks en bewys van betaling moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Dinsdag voor die betrokke uitgawe se verskyning. Die *e-Hervormer* word Woensdae saamgestel en verskyn elke Donderdag. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasinge. **Die koste is R150 per plasing (BTW ingesluit).**

Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan:  
Raad van Finansies  
ABSA Bank  
Tjekrekening nommer 020-000-287  
Takkode 632-005  
**Verwysing: u naam + e-Hervormer Ads**

## AGTERBLAD

### Gesin en gemeente vir mekaar geskep

In Junie se artikel in *Konteks* oor die Gelowige Gesinne Gesprek, val die klem op die besondere verband tussen gesinne en die gemeente.

Ongeag die vorm en samestelling, is gelowige gesinne die boustene van gemeentes. Die ruimte van die gelowige gesin en die ruimte van die gemeente is onlosmaaklik verwant aan mekaar. Dit is twee ruimtes wat mekaar definieer en aan mekaar betekenis gee. Ons gesels in Junie uit Ben Freudenburg en Rick Lawrence se boek *Family Friendly Church* (1998: Group, Loveland, Colorado) oor perspektiewe wat vir gesinsbediening belangrik en waardevol is.

Riglyne vir die gesprek hierdie week:

- Waar behoort die primêre geestelike vorming van en geloofsoordrag aan kinders en jongmense plaas te vind? Navorsing wys dat die gesin die primêre ruimte is en dat ouers die meeste invloed op die vorming van hul kinders het.
- Hoe lyk die situasie in gesinne van ons gemeentes? Is dit in die praktyk wél die geval dat ouers die primêre geloofsmentors van hul kinders is? Evalueer die moontlike redes waarom hierdie ideaal nie altyd in die praktyk gestalte vind nie.
- Watter plek neem die gemeente in by die geestelike vorming en geloofsoordrag wat in huisgesinne plaasvind? Evalueer die plaaslike gemeente se huidige 'plek' in en betrokkenheid by hierdie lewensbelangrike taak.
- Volgende week gaan ons begin om die verskillende maniere te behandel waarin die band tussen *gemeente* en *gesin* verstaan kan word.

Die GGG-werkspan wil gemeentes aanmoedig om 'n werkgroep in die gemeente te vestig wat met die waardevolle gesprek oor gesinsbediening in gemeentes kan leiding gee. Kontak ds Danie van der Watt by 082 572 4855 of ds Thinus van Staden by 084 589 7035 indien u 'n lid van die Raad vir Gesinsbediening vir gesprek na u gemeente of ring wil nooi. Seënwense aan elke gesin!

**Ds Marthinus van Staden**

